# SKRIFTUURLIKE ISRAEL

**deur**
**AndriYaH**

Geestelike Israel en fisiese Israel is nie dieselfde nie. Dit word duideliker wanneer ons die naam "Israel" en wat dit beteken, bestudeer. Soos ons weet is Israel die naam wat aan Jakob gegee is.

> Gen. 32:28 "Toe sê Hy: Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel: want jy het geworstel met Elohiem en met die mense en het oorwin."

Israel/Yisra'el beteken "to strive with El, to overcome with El, *(then)* to rule with El".

Wortelwoord van Israel/Yisra'el is ……….

> H8280 שָׂרָה "sarah" = to prevail, have power (as **a prince**).

Jakob het tot Elohiem gebid en wat Hy gesê het, het dus op die volgende neergekom:

> "Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel": … "want as 'n prins het jy nou mag by JaHUaH en by mense, en het oorwin".

Net vòòr hierdie gebeure was Jakob in groot benoudheid vanweë sy sonde wat Esau direk geraak het (die misleiding van Isak). Daarom was hy bevrees dat Esau wat op pad was na hom toe met 400 manne, hom sou doodmaak.

Jakob het sy toevlug na Elohiem geneem en begin bid vir hulp en beskerming, waarop 'n Engel na hom toe gekom het en 'n groot worstelstryd het tussen Jakob en die Engel ontstaan. Die rede vir die worstelstryd was dat Jakob die Engel nie wou laat gaan het, totdat Hy 'n seën van JaHUaH ontvang het nie.

Die Engel het verklaar dat Jakob oorwin het en het hom die naam Israel/Yisra'el gegee. Dit het Jakob se stryd en oorwinning oor sonde deur JaHUaH se genade verteenwoordig en daarom het JaHUaH die GEESTELIKE naam Israel/Yisra'el aan Jakob gegee.

Rom. 7 verduidelik hierdie stryd van "wandel deur die vlees" (Jakob) en "wandel deur die gees" (Israel).

JaHUaH het ook die GEESTELIKE naam van "Israel" aan Jakob se nageslag gegee ….

> Ex. 4:22 – 23 "Dan moet jy vir Farao sê: So spreek JaHUaH: My eersgebore seun is Israel.

> Daarom beveel ek jou: Laat my seun trek, dat hy My kan dien. Maar jy het geweier om hom te laat trek. Kyk, Ek sal jou eersgebore seun laat sterwe."

Nou, wie wil JaHUaH hê dat Farao moet laat gaan? Nie Jakob self nie, maar al Sy mense, die hele volk. So, JaHUaH pas die naam "Israel" toe aan AL SY MENSE.

Kom ons kyk na die volgende interessante toepassing van die naam Israel.

> Hos. 11:1 "Toe Israel 'n kind was, het Ek hom liefgehad, en uit Egipte het Ek my seun geroep."

Met wie het JaHUaH hier gepraat? Was dit met die letterlike nasie van Israel?

Teen hierdie tyd was Israel al verskeie kere in en uit afvalligheid, so het JaHUaH met iemand anders gepraat? ….

> Matt. 2:13 – 14 "En toe hulle teruggegaan het, verskyn daar 'n engel van JaHUaH in 'n droom aan Josef en sê: Staan op, neem die Kindjie en Sy moeder en vlug na Egipte, en bly daar totdat ek jou sê; want Herodes gaan die Kindjie soek om Hom dood te maak.
> Hy het opgestaan, die Kindjie en Sy moeder in die nag geneem en na Egipte vertrek."

Koning Herodes wou JaHUsha doodmaak en JaHUaH waarsku vir Josef om JaHUsha en Maria na Egipte te neem.

Dus, het JaHUaH oor JaHUsha (as Israel) gepraat hier in Hosea? Kom ons kyk na die volgende vers.

> Matt. 2:15 "En hy was daar tot die dood van Herodes, sodat die woord vervul sou word wat JaHUaH gespreek het deur die profeet: Uit Egipte het Ek my Seun geroep."

Sien julle hierdie wonderlike waarheid raak? Mattheus haal uit Hosea uit aan en sê dat die "Israel" waarvan Hosea hier praat JaHUsha Messias is!

Kan julle die GEESTELIKE toepassing van die naam Israel verstaan?

Skrif wat eers op letterlike Israel in die Ou Testament van toepassing was, word nou toegepas met geestelike simboliek op JaHUsha Messias, omdat Israel nie meer die "saad" is nie, maar JaHUsha is die Saad.

> Gal. 3:16 "Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Messias."

Enige een wat dan in Hom glo en Hom volg, is Sy Uitverkore Volk/Uitverkorenes.

In die Ou Testament word die Israeliete JaHUaH se “uitverkore volk” genoem, “’n koninkryk van priesters, ‘n afgesonderde nasie” (Ex. 19:5 – 6).

> Ex. 19:6 “En julle sal vir My ‘n koninkryk van priesters en ‘n afgesonder nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel.”

Maar hierdie woorde is nou van toepassing op hulle wat JaHUsha volg/gevolg het, wat “Christene” genoem word.

> 1 Pet. 2:9 “Maar julle is ‘n uitverkore geslag, ‘n koninklike priesterdom, ‘n afgesonderde volk, ‘n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot Sy wonderbare lig.”

As jy dink soos baie mense dink, dat Petrus hier met Jode praat, kyk weer. Petrus sê dat hierdie mense geroep is “uit duisternis, tot Sy wonderbare lig”.

Dit kan net een groep mense wees, naamlik die BEKEERLINGE UIT DIE HEIDENDOM wat nou Christene genoem word omdat hulle volgelinge van Messias JaHUasha geword het wat bekend is as “Jesus Christus”!

> Gal. 3:29 “En as julle aan Messias behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.”

> Rom. 2:29 “maar hy is ‘n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is diè van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit Elohiem.”

Vriende, dit is die wonderbaarlike Skriftuurlike waarheid oor Israel. Onthou dat Paulus in Gal. 3:16 gesê het wie nou die saad van Abraham is, en die vorige skrif toon dat ENIGE EEN wat in JaHUsha is, ook die saad van Abraham is.

Met ander woorde, ENIGE EEN, of dit ‘n Jood of ‘n Griek is, sal Israel genoem word! Soos Paulus dan in Rom. 2:29 bevestig, kan ENIGE EEN ‘n Jood wees (Israel genoem word) as hulle in die hart besny en in Messias JaHUsha is.

Wat beteken dit? Dit beteken dat letterlike Jode (Israel) nie langer JaHUaH se uitverkore volk is nie, maar in stede daarvan het ENIGE EEN wat na JaHUsha Messias kom nou daardie spesiale posisie.

> Rom. 9:6 – 8 “Maar *ek sê* dit nie asof die woord van Elohiem verval het nie; want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie.
> Ook nie omdat hulle Abraham se nageslag is, is hulle almal kinders nie; maar: in Isak sal jou nageslag genoem word.
> Dit wil sê, nie hulle is kinders van Elohiem wat die kinders van die vlees is nie, maar die kinders van die belofte word gereken as die nageslag.”

Met ander woorde, ons wat "kinders van JaHUsha" is, word nou onder die belofte gereken en word sodoende die Uitverkorenes/Uitverkore volk.

Dit het geen betekenis meer om fisies 'n Jood te wees nie. Enige een wat JaHUaH in gees en in waarheid aanbid, is nou die WARE Israel.

> Fil. 3:3 "Want ons is die besnydenis, ons wat Elohiem in die Gees dien en in Messias JaHUsha roem en NIE op die vlees vertrou nie."

Laat ons nou dit wat ons geleer het, toepas op Rom. 11:26 ……….

> "en so sal die hele Israel gered word".

Baie mense pas dit toe op die fisiese, letterlike Israel deur te sê dat alle fisiese Jode terug sal keer na JaHUsha Messias in die laaste dae en gered word.

Maar in die lig van dit wat ons tot hiertoe geleer het, is daar net EEN gevolgtrekking waartoe ons kan kom, en dit is, ALMAL WAT IN JAHUSHA MESSIAS IS sal gered word … GEESTELIKE ISRAEL!

As mens Romeine 11 in konteks lees, sal mens sien dat Paulus in vers 14 sê dat hy die mense van sy eie volk (die letterlike Jode) wou jaloers maak, sodat sommige van hulle DALK gered mag word.

Ons kan dus uit die taal wat Paulus gebruik, sien dat SOMMIGES van die fisiese Jode DALK gered mag word as hulle hulle bekeer van hulle sondes en volgelinge van Messias word. In die lig van die res van die duidelike getuienis wat gegee word, is die Israel waarvan daar in Rom. 11:26 gepraat word, die ware Gelowiges.

> Gal. 3:28 "Daar is nie *meer* Jood of Griek nie, daar is nie *meer* slaaf of vryman nie, daar is nie *meer* man en vrou nie; want julle is almal een in Messias JaHUsha."

> Kol. 3:10 – 11 "en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van Sy Skepper, waar daar nie Griek en Jood, besnedene en onbesnedene, barbaar, Scith, slaaf, vryman is nie, maar Messias is alles en in almal."

Ek hoop julle kan hierdie waarheid raaksien, omdat mens nie by die waarheid aangaande profesië in die Skrif met betrekking tot die Eindtyd kan uitkom as mens nie die waarheid kan raaksien dat die naam "Israel" nou van toepassing is op alle gelowiges, beide Jood en Heiden.

JaHUsha het aan die Jode gesê in Matt. 23:38 "Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat", omdat hulle Hom verwerp het.

JaHUsha het ook gesê dat die koninkryk van hulle weggeneem sal word.

> Matt. 21:43 "Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van Elohiem sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra."

Die Jode (wat die regering van daardie tyd was) het JaHUsha gekruisig en selfs in Matt. 27:25 gesê … "laat Sy bloed op ons en op ons kinders kom".

Hulle het nie net JaHUsha verwerp en Hom gekruisig nie, hulle het ook JaHUaH se verlengde genade aan hulle verwerp toe hulle die boodskap van die Evangelie wat deur die apostels aan hulle gegee is, verwerp het.

Toe het Paulus aan hulle die volgende gesê ………

> Hand. 13:46 " …Dit was noodsaaklik dat die woord van Elohiem aan julle eers verkondig moes word. Aangesien julle dit egter verwerp en julleself die ewige lewe nie waardig ag nie – kyk, ons wend ons tot die heidene."

Nàdat JaHUsha gekruisig is, moes die boodskap van die evangelie eers na die Jode gaan om die 70 weke van Daniël te vervul. In sy genade het JaHUaH aan die Jode 'n laaste kans gegee om terug te draai na Hom toe en die boodskap van die evangelie te aanvaar, maar hulle het dit verwerp en daarom is "die koninkryk van hulle weggeneem" en het die apostels hulle aandag van die Jode af weggedraai na die Heidene toe.

Dit is die waarheid aangaande die Israel van die eindtyd. Letterlike/Fisiese Israel is nie langer die uitverkorene van JaHUaH nie en daarom moet ons nie na hulle kyk m.b.t. die vervulling van die profesië aangaande die eindtyd nie, hoewel dit so geleer word deur valse leraars wat Israel finansiëel ondersteun vir hulle eie gewin.

-o-o-o-o-o-o-o-

Vertaal deur AndriYaH
Oktober 2016